

Beskerm Jouself teen Koronavirus

Bedien Kos op 'n Veilige Manier

Wanneer iemand wat die koronavirus het hoes of nies, laat hulle die virus op oppervlakke en in die lug agter. Die koronavirus versprei wanneer ons aan hierdie oppervlakke en dan aan ons gesig, oë, mond of neus raak of wanneer ons noue kontak met mekaar het.

Wys 'n persoon aan om die ry te beheer

- Moedig mense aan om maskers te dra of as daar nie is nie, 'n serp of bandana.
- As die bediening in 'n gebou plaasvind, beperk die aantal mense wat op een slag inkom om te verhoed dat die plek oorvol raak.
- Sorg dat mense in die ry 1,5 meter uit mekaar staan.
- Bedien die mense wat siek is, bejaardes of swanger vroue eerste.
- Probeer keer dat mense in groepies saam eet. Stel voor dat hulle die kos eerder wegneem.




Wys 'n persoon aan om handigiëne te beheer

- Sorg dat mense hul hande met seep en water was of met handontsmetmiddel skoonmaak.
- Herinner kosbedieners daaraan om hul hande te was voor- en nadat hulle kos bedien het en nadat hulle die toilet gebruik het.
- Diegene wat skoonmaak, moet hul hande was wanneer hulle klaar is.



Wys persoon/e aan om kos te bedien

- Moedig mense aan om hul eie koshouers saam te bring. Gebruik weggooihouers, indien beskikbaar.
- Plaas kos op die tafel of skinkbord en vra die persoon om dit op te tel. Probeer om nie die kos op die vloer of grond te plaas nie.
- Moenie handskoene dra wanneer jy kos bedien of kospakkies uitdeel nie.



Wys persoon/e aan om skoon te maak en te ontsmet

- Maak gebruikte borde en eetgerei bymekaar en plaas dit op 'n spesifieke plek.
- Gooi vullis in 'n vullisblik.
- Maak alle oppervlakke elke 30 minute met 'n bleikmiddeloplossing skoon vandat jy begin kos bedien totdat jy klaar is.



Nasionale Hulplyn: 0800 029 999



Provinsiale Hulplyn: 021 928 4102



Wes-Kaapse
Regering

KOM ONS **STOP** DIE VERSPREIDING

VIR MEER INLIGTING:
www.westerncape.gov.za